Kompetisie

Bepalings en Voorwaardes

Inhoudsopgawe:

1. Algemene reëls
2. Inleiding
3. Bevoegdheid om vir Kompetisies in te skryf
4. Gesondheid en Veiligheid
5. Pryse
6. Vakansiepryse
7. Gratis kaartjies
8. Stemming
9. Diskwalifisering van Inskrywings en Kansellasie van Kompetisies
10. Vertroulikheid
11. Publisiteit
12. Intellektuele Eiendom
13. Sekuriteitsmaatreëls
14. Verskaffing en insameling van Persoonlike Inligting
15. Terugtrek van Toestemming en Versoeke vir Inligting en Rekords
16. Vrywaring en die Uitsluiting van Aanspreeklikheid
17. Algemeen

1. Algemene Reëls

1.1. Definisies:

1.1.1. "Kompetisie" beteken enige gebeurtenis, wedstryd of speletjie wat van tyd tot tyd, direk of indirek, deur GROOTfm 90.5 NPC aangebied en/of geadministreer mag word - by ‘n fisiese ligging of op enige media-platvorm of webtuiste (hetsy as ‘n eie kompetisie of as deel van ‘n promosie veldtog namens/of in samewerking met GROOTfm 90.5 NPC se kliënte/borge/media-vennote/geassosieerde media-entiteite) waaraan mense kan deelneem en waarin deelnemers kan wedywer om meer suksesvol te wees as ander deelnemers en/of om om iets te wen bv. by wyse van prystrekking of gratis toekenning van ‘n voordeel.

1.1.2. “GROOTfm 90.5 NPC" beteken GROOTfm 90.5 NPC, ‘n nie-winsgewende Gemeenskapsradiostasie (registrasienommer 1995/000979/08);

1.1.3. "Persoonlike Inligting" beteken persoonlike inligting soos gedefinieer in die POPI-wet;

1.1.4. "POPIA" en “POPI-wet” verwys na die Wet op Beskerming van Persoonlike Inligting, Wet 4 van 2013.

1.1.5. "Proses"/ "Prosessering" het dieselfde betekenis as wat daaraan toegeken is in die POPI-wet.

1.1.6. "Reëls" beteken die voorwaardes en bepalings hierin vervat, saamgelees met enige spesifieke bykomende en/of afwykende voorwaardes en bepalings, reëls of instruksies met betrekking tot inskrywings vir en deelname aan ‘n bepaalde kompetisie wat gepubliseer mag word op GROOTfm 90.5 NPC se webtuiste of bekend gemaak mag word via enige ander media waardeur ‘n kompetisie aangebied mag word (bv. boodskappe wat op lug uitgesaai word).

1.1.7. "jy", "jou" beteken die persoon wat ingeskryf het vir deelname aan die Kompetisie.

2. Inleiding

2.1. Maak seker jy lees die Reëls deeglik en dat jy die Reëls verstaan voordat jy vir enige Kompetisie inskryf.

2.2. Hierdie Reëls is geldig en bindend op jou wanneer jy vir enige kompetisie inskryf.

2.3. Behalwe vir sover spesifiek uitgewys, hoef jy nie vir enigiets te betaal of iets te koop om aan enige van die Kompetisies deel te neem nie. Indien jou inskrywing gepos of gestuur word d.m.v. die internet, SMS (short message service) of MMS (multimedia messaging service) of enige ander soortgelyke media of toestel sal jy wel die redelike koste verbonde daaraan om die inskrywing te pos of te stuur moet betaal. Hierdie koste sal nie meer wees as die normale fooi wat aan die diensverskaffer betaalbaar is wanneer jy sodanige diens of die internet gebruik nie.

2.4. Onvolledige, foutiewe of onontsyferbare inskrywings sal ongeldig wees. Tensy andersins vermeld sal afskrifte (byvoorbeeld van inskrywings, kentekens of koeponne) nie aanvaar word nie.

2.5. GROOTfm 90.5 NPC behou die reg voor, om binne sy redelike diskresie en met publikasie van kennisgewing enige toevoegings tot die Reëls te maak, aanpassings in die Reëls te maak en/of afstanddoening van enige van die Reëls te doen , waarby inbegrepe sonder beperking daartoe die verlenging of verkorting van die duur van ‘n Kompetisie, en om leidrade te verskaf.

3. Bevoegdheid om vir kompetisies in te skryf

3.1. Om aan kompetisies deel te mag neem, moet jy -

3.1.1. in Suid-Afrika woonagtig en in besit wees van ‘n geldige identiteitsdokument.

3.1.2. minstens 18 jaar oud wees, of indien jonger as 18 jaar oud moet jy deur ‘n ouer of jou wettige voog bygestaan word.

3.1.3. korrekte en volledige persoonlike inligting verskaf wanneer jy vir die Kompetisie inskryf.

3.2. Outomatiese inskrywings en/of gesindikeerde inskrywings is verbode en enige gebruik van sodanige toestelle of skemas sal diskwalifisering van al sodanige inskrywings meebring.

GROOTfm 90.5 NPC, sy direkteure, werknemers, agente, konsultante en subkontrakteurs, en hulle onderskeie gades, lewensmaats of onmiddellike familielede, asook die van sy advertensie- en reklame-agentskappe, media-vennote en geassosieerde entiteite word nie toegelaat om aan enige Kompetisies deel te neem nie.

3.3. Wanneer tegnologie tydens die uitvoer van die kompetisie-oomblik faal (byvoorbeeld telefoonlyn uitsny, data of lugtyd klaar is), neem GROOTfm 90.5 nie verantwoordelikheid nie, en word daar van die deelnemende luisteraar verwag om weer in te skryf.

3.4. Tensy anders vermeld –

3.4.1. slegs een inskrywing per persoon sal toegelaat word. Veelvuldige inskrywings vanaf een persoon sal diskwalifisering meebring;

3.4.2. inskrywings is beperk tot een inskrywing per e-pos adres, IP adres, telefoonnommer of huishouding. In alle kompetisies sal deelnemers lukraak gekies word. Dit word gedoen deur ‘n aanlynportaal wat lukraak uit die groep aanlyninskrywings kies.

3.5. GROOTfm 90.5 NPC behou die reg voor om in sy absolute diskresie enige deelnemer wat met die inskrywingsproses knoei of vals inligting verskaf, te diskwalifiseer.

3.6. Geen persoon mag meer as een prys wen binne ‘n tydperk van drie maande nadat die persoon die eerste keer/vorige keer ‘n kompetisie gewen het nie en geen familielid van so ‘n persoon wat by dieselfde adres woonagtig is, is geregtig om ‘n prys te wen binne ‘n tydperk van drie maande na die eerste/vorige wen nie. GROOTfm 90.5 NPC behou die reg voor om pryse van enige sodanige persone te weerhou en om enige sodanige pryse terug te eis sou dit op enige tydstip aan die lig kom dat hierdie Reël verontagsaam is.

4. Gesondheid en Veiligheid

4.1. Deur vir ‘n Kompetisie in te skryf bevestig en waarborg jy dat, na die beste van jou wete, jy goeie algemene gesondheid geniet en dat jy geen mediese toestand (fisies of psigies) het wat nadelig beïnvloed kan word deur deelname aan enige van die aktiwiteite en gebeure wat beplan of redelikerwys verwag word om deel van die Kompetisie uit te maak nie. Jy bevestig dat indien jy tans medikasie gebruik of tydens die Kompetisie enige medikasie gebruik waarvan die normale werking negatief beïnvloed kan word deur jou deelname aan die Kompetisie, jy nie aan die kompetisie mag deelneem nie.

4.2. Wanneer jy deelneem aan enige gebeurtenis of aktiwiteit wat deel van ‘n Kompetisie uitmaak moet jy alle redelike stappe doen om jou eie gesondheid en veiligheid te verseker. GROOTfm 90.5 NPC behou die reg voor om jou summier te diskwalifiseer sou jy enige gedrag of optrede openbaar wat deur GROOTfm 90.5 NPC geag word as ‘n mediese-, sekuriteits- of veiligheidsrisiko (insluitend sonder enige beperking daartoe aggressiewe gedrag, fisies of sielkundig).

4.3. Jy moet, sodra jy daarvan bewus word, GROOTfm 90.5 5 NPC onmiddellik in kennis stel van enige mediese of ander toestand wat mag beteken dat jy moontlik ongeskik is om te reis of om aan die

Kompetisie deel te neem. GROOTfm 90.5 NPC behou die reg voor om jou deelname aan en/of plek in die Kompetisie op te skort en enige prys verbeur te verklaar sonder aanspreeklikheid of vergoeding indien, na die mening van GROOTfm 90.5 NPC, jy jouself of ander mense aan die risiko van siekte of besering mag blootstel, of dit kan lei tot die kansellasie, ontwrigting of inperking van die Kompetisie.

4.4. Jy stem in om nie tydens die Kompetisie enige onwettige middels te koop, gebruik of om dit op jou persoon te dra of in jou besit of onder jou beheer te hê nie. Jy erken en aanvaar dat die gebruik van alkohol/drank net toegelaat sal word met die uitdruklike voorafgaande toestemming van GROOTfm 90.5 NPC en die span in beheer van gesondheid en veiligheid, wat volle outoriteit sal hê om te gelas dat verdere alkohol/drank inname verbode is.

4.5. Jy stem in om stiptelik te voldoen aan alle instruksies wat GROOTfm 90.5 NPC en sy verteenwoordigers rakende gesondheid en veiligheidsaspekte mag uitreik. Die versuim om aan sodanige instruksies te voldoen kan in GROOTfm 90.5 NPC se uitsluitlike diskresie tot onmiddellike diskwalifisering en/of die verbeurdverklaring van ‘n prys lei.

5. Pryse

5.1. In alle aangeleenthede betreffende ‘n Kompetisie met inbegrip van die uitslag daarvan sal die beslissing van die beoordeelaars en/of aanbieder(s) van elke Kompetisie finaal wees. Die uitslag van die Kompetisie sal in alle opsigte finaal wees wanneer die prys in terme van die Kompetisie reëls oorhandig is en geen appèl, korrespondensie of onderhandeling daaromtrent sal toegelaat word nie. Voormelde bepalings is egter onderhewig aan enige gereserveerde diskresionêre prerogatiewe van GROOTfm 90.5 NPC ingevolge die Kompetisie reëls om deelnemers te diskwalifiseer en/of om pryse verbeurd te verklaar en terug te eis.

5.2. GROOTfm 90.5 NPC is geregtig daarop om onderhoude met jou te voer, om aan te dring op bewys van inskrywing, bevestiging van identiteit en/of adres, sowel as bevestiging van vokale identiteit deur middel van 'n opname in die ateljee in die geval van 'n op-lug inskrywing tydens lewendige uitsending. Indien jy tydens enige sodanige onderhoud sonder goeie rede sou weier om enige gevraagde inligting of besonderhede te verstrek of om in ondervraging deel te neem of om alle vrae te beantwoord sal jou plek in die Kompetisie hanteer word as synde ongeldig verklaar en kan die prys teruggetrek en/of verbeur verklaar word.

5.3. GROOTfm 90.5 NPC sal alle redelike pogings aanwend om pryswenners in kennis te stel deur middel van ‘n telefoniese oproep of e-pos en daarna telefonies binne ag-en-twintig (28) dae na afloop van die Kompetisie. Indien ‘n geselekteerde wenner nie sy/haar landlyn of selfoon antwoord nie sal GROOTfm 90.5 NPC (indien moontlik) ‘n boodskap op die pryswenner se landlyn of selfoon laat. GROOTfm 90.5 NPC onderneem om minstens drie (3) maal op drie (3) opvolgende dae te poog om pryswenners telefonies in kennis te stel. Indien GROOTfm 90.5 NPC nie daarin slaag om pryswenners telefonies in die hande te kry of ‘n boodskap telefonies te kan laat nie sal GROOTfm 90.5 NPC aan die pryswenner ‘n kennisgewing stuur via die kommunikasiemedium (bv. SMS, e-pos of gewone pos) en gerig aan die adres wat mag blyk uit die kontakbesonderhede

wat die betrokke deelnemer tydens inskrywing vir die Kompetisie verskaf het.

5.4. Pryse moet opgeëis en afgehaal word binne sestig (60) dae nadat GROOTfm 90.5 NPC die wenner daarvan in kennis gestel het. Indien pryswenners nie pryse binne sestig (60) dae, nadat hulle soos hierbo uiteengesit, in kennis gestel is, afhaal nie sal GROOTfm 90.5 NPC die reg hê om met die prys te handel soos wat GROOTfm 90.5 NPC redelik en regverdig mag ag.

5.5. Indien GROOTfm 90.5 NPC weens enige omstandigheid buite sy redelike beheer (waarby onder andere inbegrepe as gevolg van foute met drukwerk, produksie, verspreiding of foute wat op lug gemaak is, of waar dit deur toepaslike wette genoodsaak word), nie met 'n Kompetisie kan voortgaan nie mag GROOTfm 90.5 NPC die Kompetisie beëindig op voorwaarde dat –

5.5.1. geen pryswenners bepaal is nie; en

5.5.2. redelike kennisgewing aan almal wat ingeskryf het gegee word.

5.6. Indien die Kompetisie beëindig word soos hierbo geantisipeer, sal geen deelnemer enige eis van enige aard hoegenaamd teen GROOTfm 90.5 NPC hê nie.

5.7. Die prys wat in enige Kompetisie toegeken word -

5.7.1. is nie oordraagbaar nie en sal net oorhandig word indien alle besonderhede wat verskaf is feitlik korrek is;

5.7.2. kan nie vir kontant of vir enige ander prys as die een wat in daardie Kompetisie aangebied word verruil word nie;

5.7.3. mag deur enige ander prys van dieselfde kommersiële waarde vervang word indien die oorspronklike prys om enige rede buite GROOTfm 90.5 NPC se redelike beheer nie beskikbaar is nie.

5.8. Geen pryse sal vervoer word na en/of afgelewer word by pryswenners se woonplekke nie en GROOTfm 90.5 NPC sal nie aanspreeklik wees vir enige kostes rakende reis, vervoer,

akkommodasie, of enige ander koste wat ‘n wenner moet aangaan vir doeleindes van oorhandig of ontvangs/afhaal van ‘n prys nie.

6. Bestemming/Vakansiepryse

6.1. Die prys moet geneem word in ooreenstemming met die datums, bestemming en aantal vakansiegangers/passasiers wat deur GROOTfm 90.5 NPC gespesifiseer is. Daar sal geen alternatiewe bestemming wees nie.

6.2. Vakansiepryse is altyd onderhewig aan beskikbaarheid. Jy moet in besit wees van ‘n geldige paspoort met ‘n geldigheidsduur van minstens ‘n verdere 6 maande en daar moet geen visum beperkinge wees wat jou sal verhoed om na die relevante bestemming te reis nie. Sou jy nie aan hierdie vereistes voldoen nie sal jou inskrywing vir die Kompetisie ongeldig wees.

6.3. Tensy spesifiek anders in die kompetisie reëls vermeld sal vakansiepryse nie beskikbaar wees aan persone jonger as 18 jaar nie. Kinders jonger as 18 benodig die skriftelike toestemming van hulle ouers of wettige voogde en kan nie reis sonder dat ‘n volwassene ouer as 18 hulle vergesel nie.

6.4. Alle vakansiespryse moet geneem word binne 6 maande vanaf die datum van die Kompetisie (tensy daar ‘n ander ooreenkoms met GROOTfm 90.5 NPC is of indien die spesifieke bepalings en voorwaardes vir die Kompetisie anders vermeld) en verval as dit nie binne hierdie tydperk gebruik word nie.

6.5. Jy moet voldoen aan die voorwaardes en vereistes van enige reis-versekeringspolis wat as deel van die vakansieprys aangebied word. Indien geen reisversekering aangebied word nie, is jy self daarvoor verantwoordelik om op eie koste en risiko voldoende reisversekering vir benutting van die vakansieprys te bekom.

6.6. Jy moet voldoen aan die voorwaardes en bepalings van die lugredery(e) en enige ander instansies wat vervoer en akkommodasie as deel van die Kompetisie of die prys voorsien. Die

verskaffer van die prys mag bykomende voorwaardes en bepalings oplê waaraan voldoen moet word en GROOTfm 90.5 NPC sal nie verantwoordelik wees vir jou versuim om daaraan te voldoen nie. Jy moet spesifiek voldoen aan al die riglyne en instruksies rakende gesondheid en veiligheid en alle toepaslike wetlike en regulatoriese vereistes.

6.7. Jy is nie daarop geregtig of gemagtig om sonder die vooraf skriftelike toestemming en aanvaarding van GROOTfm 90.5 NPC, op enige wyse tot 'n kontrak, uitgawe of koste te verbind nie.

6.8. Paspoortbeheer en binnelandse owerhede van ander lande behou die reg om jou toegang tot die land te weier. Indien jy toegang tot, deurgang deur of vertrek vanuit die bestemming wat besoek word geweier word, sal enige bykomende koste wat dit mag meebring uitsluitlik jou eie aanspreeklikheid wees.

6.9. Enige vlugte, vervoer, lughawebesonderhede, akkommodasie of ander aspekte van die prys, datums en tye wat deur GROOTfm 90.5 NPC of sy agente genoem word, dien slegs as riglyne en is onderhewig aan verandering sonder kennisgewing en sonder dat GROOTfm 90.5 NPC of sy agente enige aanspreeklikheid daardeur opdoen. Jy moet oor voldoende finansies beskik om enige verpligtinge en behoeftes wat buite die omvang van die prys val, uit eie fondse na te kom en te bevredig. Dit sluit in sonder beperking daartoe kostes van visas, vervoer na en van onderskeie lughawes (plaaslik en internasionaal), etes en drankies en sakgeld vir persoonlike uitgawes.

6.10. Jy is verantwoordelik om te voldoen aan alle inentingsvereistes en gesondheidsregulasies en visum-vereistes wat vir besoek aan die vakansiebestemming benodig of vereis word.

7. Gratis kaartjies

Wanneer pryse die vorm van gratis kaartjies aanneem sal pryswenners/ kaartjiehouers gebonde wees en voldoen aan:

- die terme en voorwaardes wat deur die organiseerders van die gebeurlikheid opgelê mag word, en
- enige terme en voorwaardes wat op die kaartjie verskyn, en
- die reëls en regulasies van die plek/lokaal waar die gebeurlikheid plaasvind.

8. Stemming

Vir Kompetisies wat aanlyn stemming behels is dit 'n voorvereiste vir deelname dat deelnemers 'n geldige e-posadres sal hê. Slegs een stem vir elke geldige e-posadres sal aanvaar word. GROOTfm 90.5 NPC behou die reg om veelvuldige stemme te diskwalifiseer.

9. Diskwalifisering van Inskrywings en Kansellasie van die Kompetisie

9.1. Jy erken dat die belange en goeie reputasie van GROOTfm 90.5 NPC en sy geassosieerde radiostasies, sake-en media-vennote en adverteerders uiters belangrik is en GROOTfm 90.5 NPC mag derhalwe 'n plek in die kompetisie terugtrek, en/of van jou verwag om enige en alle betrokkenheid by, of deelname aan, die Kompetisie te laat vaar indien dit in sy redelike diskresie in die beste belang van GROOTfm 90.5 NPC en/of sy gemelde geassosieerdes, adverteerders en/of borge is om dit te doen.

9.2. GROOTfm 90.5 NPC behou die reg om jou plek in die Kompetisie summier terug te trek of om die prys verbeur te verklaar indien hy in sy redelike diskresie van mening is dat jy in verbreking is van enige van jou verpligtinge of voorstellings en waarborge ingevolge die kompetisiereëls of dat jy onbehoorlik of onvanpas optree. Jy sal aanspreeklik wees vir enige bykomende koste wat hieruit mag voortvloei (insluitend waar van toepassing die koste verbonde aan vroeë terugkeer na jou land van residensie, indien nodig).

9.3. Indien ‘n deelnemer gediskwalifiseer word behou GROOTfm 90.5 NPC die reg om ‘n ander persoon in daardie persoon se plek te selekteer vir verdere deelname aan die Kompetisie.

10. Vertroulikheid

10.1. Jy onderneem om nie op enige tydstip enige Persoonlike Inligting rakende GROOTfm 90.5 NPC, sy besigheid, personeel, werknemers, agente of direkteure aan enigiemand te openbaar of bekend te maak, te kommunikeer of andersins te publiseer of versprei nie.

10.2. Jy mag nie jou betrokkenheid by die Kompetisie of die feit dat jy ‘n prys gewen het op enige wyse sonder die voorafgaande skriftelike toestemming van GROOTfm 90.5 NPC publiseer nie.

11. Publisiteit

11.1. Wanneer pryswenners hulle pryse aanvaar mag hulle:

- kies om nie geïdentifiseer te word nie en
- mag hulle die neem van foto’s en publikasie daarvan in die media weier asook
- weier om op radio of televisie te verskyn of publieke onderhoude toe te staan .

11.2. Indien die pryswenner sy/haar geskrewe of verbale toestemming gee het GROOTfm 90.5 NPC die reg om die wenner se naam en foto’s teen geen fooi in enige media te publiseer/laat publiseer en om dit in advertensies, promosies, gedrukte en ander bemarkingsmateriaal te gebruik. GROOTfm 90.5 NPC mag in sy uitsluitlike diskresie die aard van die aanwending van die inligting en foto’s en publikasie daarvan bepaal.

11.3. Jy mag nie sonder die vooraf skriftelike toestemming van GROOTfm 90.5 NPC enige inligting wat die Kompetisie of die prys aanbetref direk of indirek openbaar maak nie (spesifiek en sonder beperking daartoe, nie aan ‘n verteenwoordiger van die media in enige formaat nie). Jy sal nie daarop geregtig wees om onderhoude toe te staan of om betrokke te wees by saamstel van artikels of beriggewing deur ‘n derde party omtrent die Kompetisie of die prys nie. Alle regte verbonde aan die Kompetisie en jou betrokkenheid daarby vestig uitsluitlik in GROOTfm 90.5 NPC.

12. Intellektuele Eiendom

12.1. Behalwe waar spesifiek anders gemeld word sal inskrywings vir die Kompetisie nie aan jou terugbesorg word nie.

12.2. Deur vir enige Kompetisie jou skriftelike toestemming te gee soos geantisipeer in punt 11.2 hierbo, bring dit mee dat jy, wat betref kopiereg en/of ander intellektuele eiendom, jou inskrywing vir die Kompetisie en jou betrokkenheid by die Kompetisie, (insluitend, sonder beperking, alle onderhoude, foto's, oudio- en oudio-visuele opnames- ongeag of jou verskyning toevallig of geskeduleerd is) vir doeleindes van alle media en deur alle tegnologie:

A. hiermee aan GROOTfm 90.5 NPC 'n nie-eksklusiewe, ewigdurende, wêreldwye, tantiemevrye lisensie toestaan om die kopiereg en enige ander intellektuele eiendom wat in sodanige inligting/data of materiaal mag bestaan in alle media te gebruik in die mate wat GROOTfm 90.5 NPC gepas ag; en

B. instem om, op versoek van GROOTfm 90.5 NPC, aan GROOTfm 90.5 NPC die algehele kopiereg en ander intellektuele eiendomsregte oor te dra en jy onderneem om op versoek deur of namens GROOTfm 90.5 NPC alle handelinge te verrig en alle dokumente te onderteken wat redelikerwys nodig mag wees om uitvoering aan hierdie bepalings te gee.

Die omvang van die oordrag van regte sal insluit, sonder beperking daartoe, alle toekomstige regte in produkte en/of tegnologie wat ten tye van hierdie ooreenkoms nog nie bestaan nie maar met verloop van tyd mag ontstaan en waarin die inligting, data of materiaal vasgelê mag word, welke oorgedra word by wyse van huidige lisensiëring en/of oordrag van toekomstige kopiereg.

Dit word verder bevestig dat die lisensie en, indien van toepassing, enige oordrag van regte, die reg sal insluit vir GROOTfm 90.5 NPC om sodanige inligting, data en/of materiaal

te verander, te redigeer, in 'n kompilasie te vervat en/of andersins aan te pas en/of tesame met enige ander materiaal te gebruik en om dit te kan versprei en/of uit te saai via alle media en in alle formate (insluitend transmissie by wyse van analoë uitsendings, digitale oudio-uitsendings, internet, satelliet, televisie, film, kabel of telefoon).

Sodanige lisensie en enige oordrag van regte sal verder die reg insluit vir GROOTfm 90.5 NPC om die lisensie en alle ander regte daaraan verbonde aan ander persone beskikbaar te stel, in elke geval op die basis en vir die doeleindes wat GROOTfm 90.5 NPC in sy uitsluitlike diskresie bepaal.

12.3 Enige inligting wat vir doeleindes van die Kompetisie deur jou verskaf word moet persoonlik van aard wees en spesifiek betrekking hê op jouself. Jy waarborg dat enige inligting wat jy aan GROOTfm 90.5 NPC verskaf nie inbreuk sal maak op die intellektuele eiendom, privaatheid of enige ander regte van enige derde party nie, en dat dit nie enigiets sal bevat wat lasterlik, beeldskendend, vulgêr, onwelvoeglik, teisterend of van dreigende aard is nie. GROOTfm 90.5 NPC behou die reg voor, maar is nie verplig nie, om die inligting, data en materiaal wat deur jou verskaf word te monitor, na te gaan, te keur en om dit te redigeer, te weier om dit te versprei, en die reg om sodanige inligting/data/materiaal te verwyder.

12.4 Deur vir enige Kompetisie in te skryf en deur enige inligting, data of materiaal te verskaf gee jy aan GROOTfm 90.5 NPC die waarborg dat:

A. jy die eienaar is van, of geldiglik gelisensieer is om die inligting/data/materiaal as deel van die Kompetisie voorwaardes te verskaf en dat jy die reg, mag en bevoegdheid het om die regte wat in hierdie Terme uiteengesit word te verleen.

B. dit GROOTfm 90.5 NPC vrystaan en hy geregtig is om die inligting, data en materiaal te gebruik op die wyse en ooreenkomstig die Terme hierin uiteengesit.

C. jy afstand doen van enige morele regte wat jy met betrekking tot die inligting/data/materiaal mag hê en dat jy 'n afstanddoening van alle toepaslike morele regte daarin bekom het en verder ook alle toestemming en goedkeuring met betrekking daartoe bekom het.

D. die verskaffing en inligting/data/materiaal, nie enige wette of regulasies oortree nie (dit sluit in enige wette wat diskriminasie en vals advertensies verhoed).

E. die inligting/data/materiaal, nie lasterlik beeldskendend, onregmatig, dreigend, of onregmatig teisterend is nie.

F. die inligting/data/materiaal, nie vulgêr of pornografies van aard is nie.

G. die inligting/data/materiaal, na die beste van jou wete nie enige virusse of ander kwaadwillige rekenaarprogramme of toepassings bevat wat daarop gemik is om sisteme, data of persoonlike inligting te beskadig, daarmee in te meng, dit ongemagtig en onder valse voorwendsels te onderskep of eiendomsreg daarin en privaatheid daarvan te skend nie.

12.5 Die deelnemer aan die Kompetisie is die individu wat via die betrokke medium vir die Kompetisie inskryf en sy inligting verskaf (bv. die persoon wat die selfoon of telefoon besit of wat gekontak kan word by die toepaslike e-posadres). Indien die persoon of persone wie se beeld verskyn op enige foto's, beeldmateriaal of ander media verskil van die persoon wat die inskrywing ingehandig het sal die persoon wat in die foto's of beeldmateriaal verskyn nie geregtig wees op die prys of enige deel daarvan nie.

12.6 Jy moet sekermaak dat enige persoon of persone wie se beeld in die toepaslike produk gebruik is geldige toestemming gegee het vir die gebruik van hulle beeld of afstand gedoen het van alle regte wat hulle in die foto's, video's of ander materiaal wat ingedien is mag hê. Die versuim om hierdie toestemming genoegsaam te bewys ten einde GROOTfm 90.5 NPC tevrede te kan stel dat gebruik

van die materiaal regmatig sal wees, sal daartoe lei dat jy gediskwalifiseer word en enige prys sal verbeur.

12.7 Alle regte in en tot die naam en titel en formaat van die Kompetisie vestig uitsluitlik in GROOTfm 90.5 NPC vir eie gebruik in sy uitsluitlike diskresie.

13 Sekuriteitsmaatreëls

13.1 GROOTfm 90.5 NPC is verbind daartoe om die integriteit en vertroulikheid van deelnemers se Persoonlike Inligting wat in sy besit en/of onder sy beheer kom te beskerm, deur -

13.1.1 Implementering van gepaste en redelike tegniese en operasionele maatreëls om verlies van, skade aan of die vernietiging van, onregmatige toegang tot en ongemagtigde prosessering van Persoonlike Inligting te verhoed.

13.1.2 te verseker dat enige persoon wat Persoonlike Inligting namens GROOTfm 90.5 NPC prosesseer dit slegs sal doen met die medewete en goedkeuring van GROOTfm 90.5 NPC en ooreenkomstig GROOTfm 90.5 NPC se POPI-beleid, dat Persoonlik Inligting waartoe toegang verkry word vertroulik hanteer sal word en nie openbaar gemaak sal word nie, behalwe in soverre as wat dit wetlik vereis mag word of andersins regtens geregverdig mag wees.

13.1.3 Kontakbesonderhede:
Vir enige navrae omtrent GROOTfm 90.5 NPC se POPI-beleid, of gebruik van jou Persoonlike Inligting en enige tegnologie wat ter beskerming van jou privaatheid aangewend word, kontak asseblief ons Inligtingsbeamptes (Johann Louw & Roelien Potgieter) by info@grootfm.co.za. Wanneer jy ons kontak mag ons egter voordat jou navraag hanteer word, verlang dat jou identiteit vir jou en ons eie veiligheid bevestig word.

14 Verskaffing en insameling van Persoonlike Inligting

14.1 Jy erken en aanvaar –

14.1.1 dat om vir enige Kompetisie in te skryf verskaffing van Persoonlike Inligting verlang mag word en dat Persoonlike Inligting wat so deur GROOTfm 90.5 NPC ingesamel word deur GROOTfm 90.5 NPC geprosesseer sal word.

14.1.2 dat, deur vir enige Kompetisie in te skryf, jy GROOTfm 90.5 NPC die reg gee om enige inligting, data, materiaal of ander inhoud wat jy vir die doel van jou deelname aan 'n Kompetisie voorsien, te gebruik en/of te prosesseer in ooreenstemming met toepaslike wette, en

14.1.3 dat die inligting wat deur jou verskaf word die kwaliteit van die Persoonlike Inligting wat ingesamel word asook die beveiliging en integriteit van Persoonlike Inligting wat deur GROOTfm 90.5 NPC gestoor word beïnvloed.

14.2 GROOTfm 90.5 NPC versamel, stoor en prosesseer Persoonlike Inligting vir die volgende doeleindes –

14.2.1 om deelname aan 'n Kompetisie toe te laat;

14.2.2 om jou inskrywing en enige versoeke te prosesseer;

14.2.3 om verpersoonlikte inhoud en inligting te kan verskaf en so deelnemers se ervaring van deelname te verbeter;

14.2.4 om inskrywings vir Kompetisies te ontleed;

14.2.5 vir marknavorsing, projekbeplanning, probleem identifisering, en om foute, bedrog en kriminele aktiwiteite te kan identifiseer en voorsorgmaatreëls daarteen te kan implementeer.

14.2.6 Vir algemene historiese-, statistiese- en navorsingsaktiwiteite.

14.3 GROOTfm 90.5 NPC sal rekords wat Persoonlike Inligting bevat hou/stoor vir net so lank as wat dit nodig is om die doel te bereik waarvoor dit ingesamel of geprosesseer is, tensy -

14.3.1 retensie van die rekord deur 'n wet vereis of gemagtig word.

14.3.2 GROOTfm 90.5 NPC die inligting redelikerwys benodig vir regmatige doeleindes wat verband hou met sy besigheidsaktiwiteite.

14.4 Data wat ingevorder word mag gedeel word binne GROOTfm 90.5 se groep van media-vennote en met die onderneming wat die prys borg, maar sal nie aan derde partye verkoop of verskaf word nie. Deur vir 'n Kompetisie in te skryf stem die deelnemer in om bemarkingsmateriaal vanaf GROOTfm 90.5 NPC en uitgesoekte sakevennote te ontvang.

15 Terugtrek van Toestemming en Versoeke vir Inligting en Rekords

15.1 Jy is daarop geregtig om enige toestemming om jou Persoonlike Inligting te Prosesseer terug te trek.

15.2 Indien jy jou toestemming om Persoonlike Inligting te prosesseer terugtrek, moet jy onmiddellik enige deelname aan die Kompetisie staak. Enige verdere deelname sal onderhewig wees aan hernude toestemming tot insameling en prosessering van Persoonlike Inligting uit hoofde van die bindende aard van hierdie Reëls.

15.3 Jy is geregtig daarop om teen aanbied van bewys van identiteit in formaat wat vir GROOTfm 90.5 NPC aanvaarbaar is:-

15.3.1 bevestiging te vra of GROOTfm 90.5 NPC oor enige Persoonlike Inligting wat met jou verband hou beskik;

15.3.2 'n rekord of beskrywing van die Persoonlike Inligting oor jou, en inligting oor die identiteit van alle derde partye wat tans of in die verlede toegang tot die Persoonlike Inligting het of gehad het te versoek, en

15.3.3 in die algemeen, enige rekord te versoek wat GROOTfm 90.5 NPC mag stoor en wat wetlik van hom vereis mag word om aan jou bekend gemaak te word ingevolge die Wet op die Bevordering van Toegang tot Inligting, Wet 2 van 2000.

15.4 Jy mag GROOTfm 90.5 NPC versoek om –

15.4.1 Inligting wat onakkuraat, irrelevant, oormatig, onvolledig, verouderd of misleidend is, of wat onwettig bekom is, reg te stel of te skrap/vernietig;

15.4.2 'n rekord wat persoonlike inligting oor jou bevat en wat GROOTfm 90.5 NPC ingevolge toepaslike wetgewing nie langer gemagtig is om te stoor nie te vernietig of te skrap.

16. Vrywaring en die Uitsluiting van Aanspreeklikheid

16.1 Sover as wat dit wetlik of regtens toelaatbaar is aanvaar GROOTfm 90.5 NPC hoegenaamd geen aanspreeklikheid vir enige direkte of indirekte verlies of skade voortspruitend uit, in verband met of ten gevolge van jou deelname aan die Kompetisie nie en jy vrywaar GROOTfm 90.5 NPC teen enige sodanige eise hoe ook al ontstaan.

16.2 GROOTfm 90.5 NPC sal nie aanspreeklik wees vir enige verlies of skade in die geval van

- foutiewe inskrywings
- laat inskrywings of
- inskrywings per telefoniese of teksboodskappe wat om enige rede (hetsy as gevolg van probleme met die netwerk, tegniese foute, of andersins) nie deur GROOTfm 90.5 NPC ontvang word nie.

16.3 GROOTfm 90.5 NPC is nie aanspreeklik vir enige vertraging, nietigverklaring, verandering of vervanging van die kompetisie of vir gedeeltelike of algehele onvermoë om enige deel van of die geheel van die Kompetisie uit te voer nie, waar dit toe te skryf is aan force majeure (oormag) bv. oorlog, terreurdade, ongelukke, brand, vloed of enige ander natuurramp, stakings of enige ander politieke krisis of noodtoestand, en in die algemeen enige omstandigheid wat buite die redelike voorsiening, voorkoming en/of beheer van GROOTfm 90.5 NPC is.

16.4 Sou dit tot GROOTfm 90.5 NPC of sy agente se kennis kom dat enige bedrog, oneerlikheid, misleiding of soortgelyke voorval met betrekking tot die Kompetisie plaasgevind het, of andersins dat daar enige aksie of nalate was wat na die mening van GROOTfm 90.5 NPC (wie se beslissing hieromtrent finaal sal wees) 'n

negatiewe invloed op die Kompetisie, GROOTFfm 90.5 NPC of enige van sy geassosieerde media- en/of sakevennote kan hê, dan behou GROOTfm 90.5 NPC die reg voor om in sy diskresie, (sonder om jou in kennis te stel en/of sonder om redes te verskaf) jou plek in die Kompetisie te diskwalifiseer en die prys/e terug te trek en verbeur te verklaar.

16.5 Jy erken en aanvaar dat GROOTfm 90.5 NPC hoegenaamd geen aanspreeklikheid sal hê met betrekking tot Kompetisies wat deur derde partye aangebied word en wat op lug uitgesaai word en/of op ons webtuiste en sosiale media platforms verskyn nie. Die toepaslike derde party sal verantwoordelik wees vir die uitvoer van die Kompetisie. GROOTfm 90.5 NPC aanvaar geen verantwoordelikheid vir enige aksie of nalate van sodanige derde partye en hul medewerkers nie.

16.6 Jy vrywaar GROOTfm 90.5 NPC, sy geassosieerde media-entiteite, direkteure, werknemers en kontrakteurs van alle en enige onkostes, verliese, skade, uitgawes en aanspreeklikhede (insluitend die verlies van reputasie en klandisiewaarde en die fooie van professionele adviseurs) wat deur GROOTfm 90.5 NPC gely mag word as gevolg van jou versuim om jou verpligtinge ingevolge die kompetisiereëls na te kom, of wat op enige manier verband hou met jou versuim om GROOTfm 90.5 NPC se redelike aanwysings rakende jou deelname aan die Kompetisie of die aanvaarding van die prys te volg.

16.7 In die geval van aanlyn-Kompetisies, erken jy dat die internet nie ‘n veilige medium is nie en dat jy bewus is dat derde partye toegang mag verkry tot inligting wat verskaf word vir Kompetisies gehuisves op webtuistes/platvorms wat deur GROOTfm 90.5 besit en/of beheer word. GROOTfm 90.5 NPC aanvaar geen aanspreeklikheid vir verlies wat spruit uit jou inskrywing vir deelname aan ‘n aanlyn-Kompetisie nie.

17. Algemeen

17.1 Die geldigheid, interpretasie en toepassing van hierdie Reëls sal in alle opsigte beheer word deur die Suid-Afrikaanse Reg.

17.2 Geen afwyking van hierdie Reëls sal geldig wees nie, tensy dit skriftelik goedgekeur is deur ‘n gemagtigde verteenwoordiger van GROOTfm 90.5 NPC.

17.3 Die blote versuim om ‘n reg uit te oefen, of vertraging in die uitoefening van ‘n reg of ‘n regsremedie wat ingevolge hierdie reëls of in die reg beskikbaar mag wees, sal nie ‘n afstanddoening van enige sodanige regte of remedies verteenwoordig of meebring nie.

17.4 Hierdie Reëls skep nie enige regte, aansprake, eise of afdwingbare voordele ten gunste van enige persoon wat die Reëls nie deur sy/haar deelname aan die kompetisie onderskryf en nie ‘n party daartoe is nie.

17.5 Die bepalings van die Reëls is skeibaar. Indien enige van die bepalings in die Reëls deur ‘n bevoegde gesag ‘n geheel of gedeeltelik ongeldig of onafdwingbaar verklaar word, sal die spesifieke geaffekteerde deel verwyder en/of deur GROOTfm 90.5 NPC aangesuiwer word en die geldigheid van die restant van die bepalings en voorwaardes van die Reëls, sal nie beïnvloed word nie.